

Geliefde Lourensrivierder

Gister sien ek die mooiste-mooïste storie ooit!!!

Dis 'n videogreep van 'n man wat 'n ooievaar red en die rimpel-effek wat dit gehad het dwarsoor die wêreld! Is dit nie lekker om te weet dat ons die vermoë het om 'n wêreld te beïnvloed met EEN goeie daad of woord nie?? Komaan!!! Laat ons nie vir ander wag nie.....

Ek het die video op ons Facebook Blad gelaai, maar jy kan ook op dié skakel klik om dit te kyk:

<https://www.facebook.com/OorgeeOmgeeAangee/videos/323486971717378/>

Ek deel graag 'n welbekende storie met jou wat elke keer as ek dit hoor my nog meer aanmoedig om 'n verskil te maak...

*Voor my stap 'n ouerige gryskop man. So elke paar tree buk hy, tel iets op en gooi dit in die see.*

*Dis vroegoggend, die son begin net-net sy kop uitsteek, so ek kan nie sien wat hy optel nie.*

*Ek stap al vinniger nader en so bly hy goed in die water gooi...*

*Ekskuus tog, vra ek, wat gooi u in die see? Ek sien hy kyk verbaas na my. Dis seesterre, sê hy.*

*Verbaas staar ek hom aan, seesterre? vra ek. Ja, as die son opkom sal hulle almal doodgaan, so ek gooi hulle terug. Ek stap so saam met hom en vra: "maar meneer dis onmoontlik om almal terug te gooi en hulle te probeer red..... Hy stop en tel nog een seester op, kyk na my, en gooi dit terug in die see. Met 'n glimlag sê hy: ek weet, maar vir daai een het ek pas 'n verskil gemaak.....*

*~OORSPRONG ONBEKEND~*

Rom 13:8 "Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.

**NUUSKRUMMELS: 25 Oktober 2018**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:**



**ONS NOOI JOU VRIENDELIK UIT!**

**SONDAG 28 OKTOBER GAAN 'N BAIE SPESIALE KINDERDIENS WEES.🎵🎵**

**FEESMARK**

Dis sulke tyd!! Ons sien julle van more af in die gange van die Feesmark.🎵 Kom maak asb 'n draai..



## KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

**VIR AANDAG:** Kinderbediening in **HELDERBERG** skole & gemeenskap: Evangelism Explosion SA



# **Goeie Nuus!**

**HELDERBERG HOOP VIR KINDERS SA**  
Opwindende Toerusting vir Dinamiese Kinderbediening in elke gemeenskap

**Aangebied by Kruiskyk N2 Firland**  
**Vrydag 30 Nov.— Dins. 4 Des. 2018, na-ure**  
Vrydag 18.00-21.00 / Saterdag 08.00-16.00 / Sondag 12.00-16.00 / Maandag & Dinsdag 18.00-21.00

**All Churches and Institutions welcome!**  
Die Evangelie van Jesus Christus helder en duidelik aan elke kind van hierdie geslag!  
**Dit is elke kind se se reg en God se duidelike opdrag.**

Jy en jou kinderbedieningspan word hartlik uitgenooi na **HOOP VIR KINDERS** se opwindende, nuwe generasie toerusting vir aan-die-brand en doelgerigte kinderbedienings, binne die gemeenskap en skole en binne die gemeente. **Neem standpunt in vir die belangrikstes in God se Koninkryk in 'n tyd soos hierdie!**

By hierdie werkwinkel word fasiliteerders vir die Kerklike en Laerskoolbedieninge in HELDERBERG en omgewing toegerus.

**HOOP VIR KINDERS** word internasionaal in 213 lande gebruik en die kragtige impak daarvan is in bykans 600 skole, kerke en gemeenskappe in Suid-Afrika sigbaar. Ongeveer 30 000 kinders word jaarliks toegerus as dissipelmakers. Dit bied jou:

- ☺ Vars en nuwe gebruikersvriendelike toerusting wat jou plaaslike kategetiese asook uitreik Kinderevangelisasiebedieninge op 'n splinternuwe vlak van effektiwiteit kan bring.
- ☺ 'n Koninkryksgerigte visie en aanpak vir plaaslike kinderbedieningspersoneel.
- ☺ Bewese hoogs geskikte en toepaslike toerusting vir veral skole-, gemeenskaps- en uitreikbedieninge wat maklik aanpas by jou bestaande lesmateriaal.
- ☺ Borgskappe wat jou gratis toerusting en materiaalreekse verskaf vir spesiale gemeenskaps-uitreikprojekte.
- ☺ Internasionale akkreditasie wat jou binne elke land toegang bied tot hierdie dinamiese bedieningsmateriaal.
- ☺ Deurlopende ondersteuning by wyse van die internasionale netwerk van **EVANGELISM EXPLOSION**.

***Jy en jou bedieningspan word spesiaal uitgenooi om hierdie werkwinkel by te woon.***

### **Wie word toegerus?**

- Onderwysers, kategete, ouers en elke persoon wat die bediening van die evangelie aan kinders op die hart dra en in hierdie dinamiese bediening in hul gemeenskap wil belê.


### **Reëlins en Koste:**

- R350 pp. Borgskappe beskikbaar. 'n Hartlike liefdesoffer word gevra om behoevende studente te ondersteun. Almal welkom.
- Voltooi registrasie en bevestig u plek en getalle nie later nie as **Maandag 26 November 2018** by: **Hilda / Mariëtte 072 890 6634 / [info@kruiskyk.tv](mailto:info@kruiskyk.tv)**
- Bestellings vir gratis bedieningsmateriaalreekse en hulpmiddele word by die werkwinkel geneem.
- Registrasievorms ook beskikbaar by Lourensrivier Kerkkantoor (021 853 5991)

**Chris Bester**

EE SA 082 444 5685 / [jxkids@gmail.com](mailto:jxkids@gmail.com)

**NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:**



It's Sing and Rejoice time! A celebration of the 2018 year, with a hint of Christmas. We invite you to enjoy the last event on the Paul Roos Culture Calendar – bring your families, picnic chairs and picnic baskets. Refreshments will be on sale. Tickets available from Room 14.

Kaartjies sal ook by die deure beskikbaar wees, maar dis 'n beperkte hoeveelheid



**KENNISGEWING:**

**WOONSTEL TE HUUR IN GREENWAYS ( Langtermyn)**

- Woonstel by privaat huis
- Gemeubileerd
- Twee slaapkamers
- Twee badkamers
- Afdak parking
- Privaat ingang
- Krag en water ingesluit
- Sekuriteitsoord
- Woonstel

Alet Brink  
0824166119

**BERG 80 VERJ: NOVEMBER 2018**

**LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.**

Noemnaam	Van	Ouderdom	Verjaar /
Eileen	Matthee	80	11/01
Ida	Du Preez	82	11/09
Hannes	Van Zyl	80	11/09
Ria	Kleynhans	82	11/14
Magdalena	Peters	101	11/15
Alta	Ellis	81	11/16
Eddie	Van Der Walt	79	11/16
Freda	Van Zyl	80	11/16
Chris	Matthee	80	11/19
Pieter	De Jager	82	11/21
Matilda	Stemmet	89	11/22
Ben	Dixon	86	11/27
Fanie	Louw	80	11/29

2 Kron 16:9

Die Here het Sy oë oral op die aarde  
SODAT Hy dié kan help  
Wat met hulle hele hart op Hom vertrou.

**Vele seën & vreugde**





## KNIEWERK

- ✦ Ons leraars, verskillende bedienings en Gemeente
- ✦ Matrieks, vir die eindeksamen
- ✦ Ons innige meegevoel met Louis Koekemoer en familie met die heengaan van sy pa.

## FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 28 OKTOBER SE BOODSKAP: MARK 10:46-52 (23STE WEEK IN KONINKRYKSTYD – DS KOBUS VILJOEN VAN CEF)

Hierdie wonderwerk is die laaste wat Markus beskryf voor Jesus se kruisiging. Jesus en sy dissipels is op pad na Jerusalem (vir die laaste keer.) Hy stap deur Jerigo en op pad hoor hy die geskreeu van Bartimeus, 'n blinde man wat langs die pad gebedel het. Bartimeus se roep was nie slegs 'n roep nie – dit was 'n desperate skreeu uit nood. Die woord wat hier gebruik word, word ook gebruik om die skree van 'n vrou wat geboorte skenk, of die skree van 'n geestesversteurde te beskryf. Wat skree hy? “Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!” (Kyk na Mat. 1:1, Luk. 18:38)

Hoekom skree hy? Hoekom vra hy om hulp? Hy is in groot nood – hy is blind en hy het hulp nodig gehad. Die mense probeer hom stilmaak – hy is tog net 'n blinde bedelaar, hy is nie gereken onder mense nie. Dit sit hom nie af nie – hy hoop op hulp en redding van sy situasie; daarom hou hy nie op met skree om hulp nie. Hy het niks gehad om te verloor nie – hy kon net iets wen as Jesus sou reageer op sy geskree.

Hierdie verhaal is 'n “genesingsverhaal”, maar ook 'n “roepingsverhaal”. Jesus hoor en sien hom, dan roep Hy vir Bartimeus. Jesus voorsien in Bartimeus se nood en Bartimeus reageer deur alles te los en Jesus se volgeling te word.

Wat is daar wat ons vandag vir Jesus sou vra as Hy aan ons die kans sou gee: “Wat is daar wat Ek vir jou kan doen?” Wat is daar wat ons die heel graagste van Jesus sou wou hê?

OORGEE, OMGEE, AANGEE  
Jackie@Lourensrivier

